# Kennisgewing

## BERGRIVIER MUNICIPALITY

**KENNISGEWING WAT BESWARE TEEN AANVULLENDE WAARDASIELYS AANVRA**

**KENNISGEWING** geskied hiermee kragtens die bepalings van Artikel 49(1)(a)(i) van die Wet op Plaaslike Owerhede: Munisipale Eiendomsbelasting, Wet 6 van 2004 (hierna verwys as die ("Wet") dat die **Aanvullende Waardasielys 3** vir die boekjaar **2024/2025** ter insae lê vir openbare inspeksie by die onderskeie munisipale kantore en biblioteke binne die munisipale grense asook webtuiste www.bergmun.org.za vanaf **20 September 2024 tot 21 Oktober 2024.**

**KENNISGEWING** geskied voorts dat enige eienaar van vaste eiendom of enige ander persoon kragtens die bepalings van Artikel 49(1)(a)(ii) van vermelde Wet, saamgelees met Artikel 78(2), 'n beswaar binne bovermelde tydperk kan indien by die Munisipale Bestuurder ten opsigte van enige aangeleentheid of uitsluitsel rakende die eiendomswaardasielys.

Aandag word spesifiek gevestig op die bepalings van Artikel 50(2) van die Wet wat bepaal dat 'n beswaar na 'n spesifieke eiendom moet verwys en nie teen die waardasielys as sulks nie.

Die voorgeskrewe beswaarvorm is beskikbaar by die onderskeie munisipale kantore en biblioteke binne die munisipale grense asook die munisipale webtuiste.

Die oorspronklike voltooide vorm moet terugbesorg word aan die Munisipale Bestuurder, Bergrivier Munisipaliteit, Posbus 60, Piketberg, 7320. **Geen e-posse of fakse sal aanvaar word nie.**

Navrae kan gerig word aan Me. U Julius & Me. P Afrika by telefoon (022) 913 6000.

Hierdie kennisgewing het vir die eerste keer op 19 September 2024 verskyn.

**Munisipale Kantore**
**Kerkstraat 13**
**Posbus 60**
**PIKETBERG**
**7320**

**ADV HANLIE LINDE**
**MUNISIPALE BESTUURDER**

**MK255/2024** **20 September 2024**

X1Y9GX61-DB200924

# TENDERS

Swartland Munisipaliteit Municipality Umasipala

## TENDERKENNISGEWING: T14/24/25

### KONSTRUKSIE VAN PAAIE IN VERSKEIE DORPE IN DIE SWARTLAND MUNISIPALE AREA

Swartland Munisipaliteit vra hiermee tenders aan vir die konstruksie van paaie en verwante dienste in Malmesbury, Riebeek-Kasteel en Darling.

Tenderaars moet oor 'n CIDB-registrasie in 'n **CE-klas** vir konstruksiewerk beskik met 'n graderingstoekenning gelykstaande aan of hoër as die gradering wat bereken word op grond van die tenderbedrag of 'n waarde soos bepaal deur Regulasie 25 (1B) of 25(7A) van die Konstruksiebedryf-ontwikkelingsregulasies, 2004 (soos gewysig). Die geskatte waarde van die kontrak is tussen R20 miljoen en R60 miljoen.

Voorkeur sal gegee word aan tenderaars wat aan die kriteria voldoen wat in die Tenderdata gespesifiseer is. Slegs tenderaars wat aan die nakomingskriteria in die Tenderdata voldoen, sal toegelaat word om tenders in te dien.

Dokumente kan vanaf **Maandag, 23 September 2024, vanaf 09:00** gedurende kantoorure by die **kantore van die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, Swartland Munisipaliteit, Eerste Vloer, PEP-gebou, hoek van Hill- en Piet Retiefstraat, Malmesbury**, afgehaal word. 'n Nie-verhaalbare tenderfooi van **R490,00** in kontant is betaalbaar by die afhaal van tenderdokumente. Navrae rakende die uitreik van die dokumente kan aan Zutari (Edms) Bpk, aandag: mnr Chris van Pletzen, tel. 021 860 2200 of e-pos: Chris.vanPletzen@zutari.com gerig word.

'n Verteenwoordiger van die Munisipaliteit sal op aanvraag beskikbaar wees om hulp te verleen met die voorbereiding van tendervoorleggings, met uitsondering van die bepaling van die tenderprys. Vir enige navrae rakende die voltooiing van die skedule of tegniese inligting oor die tender, tree asseblief voor die sluitingsdatum met mnr Jonhill Spies by tel. 022 487 9400 in verbinding.

'n **Verpligte opklaringsvergadering** met verteenwoordigers van die **Werkgewer sal op Woensdag, 2 Oktober 2024, om 10:00 (registrasie sluit om 10:05) in die Banketsaal van Swartland Munisipaliteit, Kerkstraat 1 in Malmesbury** plaasvind. **Enige persoon wat later as 10:05 arriveer, sal toegang geweier word.**

Die tender sal ingevolge die Raad se Voorkeurverkrygingsregulasies, en die aangehegte spesifikasies geëvalueer word. Die 80/20-voorkeurpuntstelsel sal gebruik word vir die evaluering van hierdie kontrak. Die Voorkeurverkrygingsbeleid is gedurende normale kantoorure by die munisipale kantore ter insae beskikbaar.

Die Swartland Munisipaliteit onderskryf en ondersteun die Regering se Swart Ekonomiese Bemagtigingsprogram en is daartoe verbind om die ongelykhede van die verlede reg te stel. **Tenderaars wat kwalifiseer vir die voordele van B-BEEE, moet Bylaag MBD 6.1 volledig voltooi ten einde punte te ontvang. Voorkeurpunte MOET ook in paragraaf 6.1 geëis word**. **Tenderaars word versoek om oorspronklike en geldige B-BEEE-statusvlak verifiëringsertifikate of gewaarmerkte afskrifte daarvan in te dien, ten einde hul B-BBEEE-graderingseise te substansieer.** Die Munisipaliteit behou die reg voor om bewys van bemagtiging aan te vra, en om te verseker dat toepaslike betaalde werksgeleenthede vir historiese benadeelde individue wel gerealiseer het. **Tenderaars moet ook bewys van ligging indien ten einde punte vir ligging te eis.**

Volledig voltooide tenders 'n geseëlde koevert, gemerk **"T14/24/25: KONSTRUKSIE VAN PAAIE IN VERSKEIE DORPE IN DIE SWARTLAND MUNISIPALE AREA"**, moet saam met die naam en adres van die tenderaar, **voor 12:00 op Vrydag, 25 Oktober 2024**, in die tenderbus by die Munisipale kantore, Kerkstraat 1, Malmesbury ingedien word, waarna tenders openbaar gemaak sal word.

Laat tenders sal nie aanvaar word nie en die Munisipaliteit is nie daartoe verbind om die laagste, 'n gedeelte van 'n tender of 'n tender in geheel te aanvaar nie. Geen tenders sal telefonies, per faks of elektronies aanvaar word nie. Tenders mag slegs op die uitgereikte tenderdokumentasie ingedien word. Voorskrifte vir die verseëling, adressering, aflewering, oopmaak en beoordeling van tenders word in die Tenderdata uiteengesit.

**Munisipale Kantore**
**PRIVAATSAK X52**
**MALMESBURY**

**JJ SCHOLTZ**
**MUNISIPALE BESTUURDER**
**20 September 2024**

www.ayandmbanga.co.za 151880

NORTHPINE NCID CITY IMPROVEMENT DISTRICT

### Kennisgewing van Algemene Jaarvergadering

Die NCID NPC gaan 'n algemene jaarvergadering hou. Alle belanghebbendes word genooi na 'n oorsig van die afgelope boekjaar se aktiwiteite en die beplanning vir 2025/2026.

**Datum:** 17 Oktober 2024
**Tyd:** 18h00 Registrasie; 19h00 AJV
**Plek:** Laerskool Northpine

Net bona fide-lede van die NCID kan oor die resolusies voorgelê by die ledevergadering stem. Hierdie lidmaatskap is gratis beskikbaar aan alle eienaars van eiendom in die NCID se gebied wat vir die bykomende heffing aanspreeklik is (betalers van bykomende heffings), maar hulle moet voor 10 Oktober 2024 geregistreer wees.

**Om as lid te registreer of nog inligting en dokumentasie te kry, gaan na www.northpinecid.co.za of bel 071 061 5186**

X1Y9DLGR-DB200924

City Improvement District Blackheath committed to making a difference

### Kennisgewing van Algemene Jaarvergadering

Die Blackheath City Improvement District NPC (BCID) gaan 'n algemene jaarvergadering hou. Alle belanghebbendes word genooi na 'n oorsig van die afgelope boekjaar se aktiwiteite en die beplanning vir 2025/2026.

Datum: 16 Oktober 2024
Tyd: 13:00
Plek: Home Choice, Skool Straat, Blackheath, 7580

Net bona fide-lede van die BCID kan oor die resolusies voorgelê by die ledevergadering stem. Hierdie lidmaatskap is gratis beskikbaar aan alle eienaars van eiendom in die BCID se gebied wat vir die bykomende heffing aanspreeklik is (betalers van bykomende heffings), maar moet voor 07 Oktober 2024 geregistreer wees.

**Om as lid te registreer of nog inligting en dokumentasie te kry, gaan na www.bcid.co.za of bel 021 905 0929.**

X1Y9DLT5-DB200924

MAITCID MAITLAND CITY IMPROVEMENT DISTRICT

### Kennisgewing van algemene jaarvergadering

Die Maitland City Improvement District NPC (MAITCID) gaan 'n algemene jaarvergadering hou. Alle belanghebbendes word genooi na 'n oorsig van die afgelope boekjaar se aktiwiteite en om die verlenging van die CID-termyn goed te keur.

**Datum:** Dinsdag, 15 Oktober 2024
**Tyd:** 10:00
**Plek:** Maitland Stadsaal, Voortrekkerweg 268, Maitland, Weskaap

Net bona fide-lede van die MAITCID kan oor die resolusies voorgelê by die ledevergadering stem. Hierdie lidmaatskap is gratis beskikbaar aan alle eienaars van eiendom in die MAITCID se gebied wat vir die bykomende heffing aanspreeklik is (betalers van bykomende heffings), maar hulle moet voor Vrydag, 4 Oktober 2024 geregistreer wees. Enige bykomendebelastingbetaler wat teen die aansoek om die uitbreiding van die CID-termyn gekant is, kan binne 30 dae na afloop van die algemene jaarvergadering 'n skriftelike beswaar indien, waarna die Raad die aansoek kan goedkeur, sou besware nie van minstens 51% van bykomendebelastingbetalers ontvang word nie. Lede van die plaaslike gemeenskap (insluitende eiendomsbesitters, inwoners, huurders, regspersone, burgerlike organisasies en nieregerings-, privatesektor- of arbeidsorganisasies) kan binne 30 dae na afloop van die algemene jaarvergadering skriftelike kommentaar oor die nuwe vyfjaarsakeplan indien.

**Om as lid te registreer of vir meer inligting en dokumentasie, besoek www.maitcid.co.za. Om 'n skriftelike beswaar of kommentaar in te dien, e-pos enquires@maitcid.co.za of skakel 021 565 0901.**

X1Y9L07H-DB200924

WYNBERG ID IMPROVEMENT DISTRICT Working for a Winning Wynberg!

### Kennisgewing van algemene jaarvergadering

Die Wynberg Improvement District NPC (WID) gaan 'n algemene jaarvergadering hou. Alle belanghebbendes word genooi na 'n oorsig van die afgelope boekjaar se aktiwiteite en om die verlenging van die CID-termyn goed te keur.

**Datum:** Maandag, 14 Oktober 2024
**Tyd:** 10:00
**Plek:** Metodiste Kerk, Kerkstraat 72, Wynberg 7800

Net bona fide-lede van die WID kan oor die resolusies voorgelê by die ledevergadering stem. Hierdie lidmaatskap is gratis beskikbaar aan alle eienaars van eiendom in die WID se gebied wat vir die bykomende heffing aanspreeklik is (betalers van bykomende heffings), maar hulle moet voor Donderdag, 3 Oktober 2024 geregistreer wees. Enige bykomendebelastingbetaler wat teen die aansoek om die uitbreiding van die CID-termyn gekant is, kan binne 30 dae na afloop van die algemene jaarvergadering 'n skriftelike beswaar indien, waarna die Raad die aansoek kan goedkeur, sou besware nie van minstens 40% van bykomendebelastingbetalers ontvang word nie. Lede van die plaaslike gemeenskap (insluitende eiendomsbesitters, inwoners, huurders, regspersone, burgerlike organisasies en nieregerings-, privatesektor- of arbeidsorganisasies) kan binne 30 dae na afloop van die algemene jaarvergadering skriftelike kommentaar oor die nuwe vyfjaarsakeplan indien. 'n Spesiale resolusie word vereis vir die wysiging van die nuwe akte van oprigting (MOI) soos beoog in artikel 16(5)(a) van die Maatskappywet, Wet 71 van 2008.

**Om as lid te registreer of vir meer inligting en dokumentasie, besoek www.wynbergid.co.za. Om 'n skriftelike beswaar of kommentaar in te dien, e-pos info@wynbergid.co.za of skakel 021 565 0901.**

X1Y9HNK9-DB200924

salt river business improvement district

### Kennisgewing van Algemene Jaarvergadering

Die Salt River Business Improvement District NPC (SRBID) gaan 'n algemene jaarvergadering hou. Alle belanghebbendes word genooi na 'n oorsig van die afgelope boekjaar se aktiwiteite en die beplanning vir 2025/2026.

**Datum:** Dinsdag, 15 Oktober 2024
**Tyd:** 15:00
**Plek:** Konferensielokaal, Double Tree by Hilton Cape Town, Upper East Side, Brickfieldstraat 31, Woodstock, 7935

Net bona fide-lede van die SRBID kan oor die resolusies voorgelê by die ledevergadering stem. Hierdie lidmaatskap is gratis beskikbaar aan alle eienaars van eiendom in die SRBID se gebied wat vir die bykomende heffing aanspreeklik is (betalers van bykomende heffings), maar hulle moet voor Vrydag, 4 Oktober 2024 geregistreer wees.

**Vir meer besonderhede oor registrasie en dokumentasie gaan na www.srbid.co.za, stuur 'n epos aan info@srbid.co.za of skakel 021 565 0901.**

X1Y9KYX5-DB200924

STRAND BUSINESS IMPROVEMENT DISTRICT

### Kennisgewing van Algemene Jaarvergadering

Die Strand Business Improvement District NPC (SBID) gaan 'n algemene jaarvergadering hou. Alle belanghebbendes word genooi na 'n oorsig van die afgelope boekjaar se aktiwiteite en die beplanning vir 2025/2026.

**Datum:** Woensdag, 16 Oktober 2024
**Tyd:** 10:00
**Plek:** Friedman and Cohen, Hoek van Hoofweg en Wesleystraat, Strand, 7140

Net bona fide-lede van die SBID kan oor die resolusies voorgelê by die ledevergadering stem. Hierdie lidmaatskap is gratis beskikbaar aan alle eienaars van eiendom in die SBID se gebied wat vir die bykomende heffing aanspreeklik is (betalers van bykomende heffings), maar hulle moet voor Maandag, 7 Oktober 2024 geregistreer wees.

**Om as lid te registreer of nog inligting en dokumentasie te kry, gaan na www.strandbid.co.za of bel 021 565 0901.**

X1Y9L019-DB200924

STIKLAND INDUSTRIAL CITY IMPROVEMENT DISTRICT

### Kennisgewing van Algemene Jaarvergadering

Die Stikland Industrial City Improvement District NPC (SICID) gaan 'n algemene jaarvergadering hou. Alle belanghebbendes word genooi na 'n oorsig van die afgelope boekjaar se aktiwiteite en die beplanning vir 2025/2026.

**Datum:** Donderdag, 17 Oktober 2024
**Tyd:** 15:00
**Plek:** Konferensielokaal, Andrag-Agrico Kantore, Hoek van Labelleweg en Ou Paarlweg, Stikland, Bellville, 7535

Net bona fide-lede van die SICID kan oor die resolusies voorgelê by die ledevergadering stem. Hierdie lidmaatskap is gratis beskikbaar aan alle eienaars van eiendom in die SICID se gebied wat vir die bykomende heffing aanspreeklik is (betalers van bykomende heffings), maar hulle moet voor Dinsdag, 8 Oktober 2024 geregistreer wees.

**Om as lid te registreer of nog inligting en dokumentasie te kry, gaan na www.stiklandcid.co.za of bel 021 565 0901.**

X1Y9KCYW-DB200924

GLOSDERRY CID CITY IMPROVEMENT DISTRICT

### Kennisgewing van Algemene Jaarvergadering

Die Glosderry City Improvement District NPC (GCID) gaan 'n algemene jaarvergadering hou. Alle belanghebbendes word genooi na 'n oorsig van die afgelope boekjaar se aktiwiteite en die beplanning vir 2025/2026.

**Datum:** Donderdag, 17 Oktober 2024
**Tyd:** 10:00
**Plek:** Konferensielokaal, Pres les, 3 Wilgestraat, Claremont, 7735

Net bona fide-lede van die GCID kan oor die resolusies voorgelê by die ledevergadering stem. Hierdie lidmaatskap is gratis beskikbaar aan alle eienaars van eiendom in die GCID se gebied wat vir die bykomende heffing aanspreeklik is (betalers van bykomende heffings), maar hulle moet voor Dinsdag, 8 Oktober 2024 geregistreer wees.

**Vir meer besonderhede oor registrasie en dokumentasie gaan na www.gcid.co.za, stuur 'n epos aan info@gcid.co.za of skakel 021 565 0901.**

X1Y9KD31-DB200924